



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**MUSIEK V1**

**2022**

**PUNTE: 120**

**TYD: 3 uur**

**SENTRUMNOMMER:**

--	--	--	--	--	--	--

**EKSAMENNOMMER:**

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 1 vel manuskrippapier.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.
2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.
3. AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C **OF** D **OF** E).
4. Skryf AL die musieknotasie in AFDELING A met potlood en AL die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.
5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C **OF** D **OF** E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.
8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hul antwoorde te gee.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**NASIENROOSTER**

<b>AFDELING</b>	<b>VRAAG</b>	<b>PUNTE</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
<b>A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)</b>	1	15		
	2	15		
	3	15		
	4	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>60</b>		

**EN**

<b>B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)</b>	5	10		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>10</b>		

**EN**

<b>C: IAM</b>	6	15		
	7	7		
	8	5		
	9	8		
	10	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>50</b>		

**OF**

<b>D: JAZZ</b>	11	15		
	12	7		
	13	5		
	14	8		
	15	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>50</b>		

**OF**

<b>E: WKM</b>	16	15		
	17	7		
	18	5		
	19	8		
	20	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>50</b>		

<b>GROOTTOTAAL</b>		<b>120</b>		
--------------------	--	------------	--	--

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)****(90 minute)****Beantwoord AFDELING A op die VRAESTEL.**

**Beantwoord VRAAG 1  
EN VRAAG 2.1 ÓF 2.2 ÓF 2.3  
EN VRAAG 3.1 ÓF 3.2  
EN VRAAG 4.1 ÓF 4.2.**

**VRAAG 1****(25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

The musical score is in G minor (two flats) and 3/4 time. It consists of two systems of music. The first system begins with a forte (*f*) dynamic. The second system begins with a piano (*p*) dynamic. The score includes various musical notations such as notes, rests, and dynamic markings. Specific features are highlighted with dashed boxes and labeled with letters in parentheses: (a) and (b) are intervals in the treble clef; (M) is a melodic phrase in the treble clef; (X) is a phrase in the treble clef; (1.11) is a rhythmic pattern in the treble clef; (Z) is a melodic phrase in the treble clef; (N) is a note in the treble clef; and (Y) is a phrase in the bass clef.

1.1 Benoem die toonsoort waarheen hierdie uittreksel moduleer.

---

(1)

1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.1.

---

(1)

1.3 Skryf die korrekte tydmaatteken op beide notebalke in die blokkie wat op die partituur verskaf is.

(1)

1.4 Benoem die interval by (a) volgens tipe en afstand.

---

(1)


1.5 Benoem die omkering van die interval by (b) volgens tipe en afstand.

(1)

1.6 Beskryf die drieklank by (M) volgens tipe en posisie.


(1)

1.7 Herskryf die drieklank by (N) in die altsleutel en behou dieselfde toonhoogte.




(1)

1.8 Herskryf (X) deur 'n ooreenstemmende saamgestelde tydmaatteken te gebruik. Maak seker dat die musiek dieselfde klink. Voeg die nuwe tydmaatteken by.



(2)

1.9 Transponeer (Y) 'n majeur sekunde (2<sup>de</sup>) laer. Dui die nuwe toonsoortteken aan.



(2)

1.10 Gee 'n Italiaanse term vir die haarnaaldteken in maat 5.

(1)

1.11 Watter TWEE note sal in maat 5 (G-sleutel) weggelaat moet word om 'n majeur pentatoniese toonleer te vorm wat op E-mol begin? Omkring hierdie TWEE note op die partituur.

(1)

1.12 Verander die gegewe toonleer van maat 4 hieronder na 'n opgaande melodiese mineurtoonleer wat op E-mol begin.



(1)

1.13 Omkring EEN melodiese omkering van die motief (Z) in maat 6 tot 7 in die boonste stemparty.

(1)

**[15]**

**VRAAG 2****(25 minute)****Beantwoord VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2 ÓF VRAAG 2.3.**

- 2.1 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek- en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke by.

Instrument: \_\_\_\_\_

Tempo: \_\_\_\_\_



Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.


BESKRYWING	MAKS.	PUNT
<b>Vorm en kadenspunte</b>	3	
<b>Korrektheid:</b> Nootstele, polse per maat, skuiftekens, spasiëring, groepering	2	
<b>Kwaliteit:</b> Geskiktheid van instrument, tempo, artikulasie, dinamiek en musikaliteit	10	
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	

**[15]****OF**

- 2.2 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek- en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke by.

Instrument: \_\_\_\_\_

Tempo: \_\_\_\_\_



Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	MAKS.	PUNT
<b>Vorm en kadenspunte</b>	3	
<b>Korrektheid:</b> Nootstele, polse per maat, skuiftekens, spasiëring, groepering	2	
<b>Kwaliteit:</b> Gesiktheid van instrument, tempo, artikulasie, dinamiek en musikaliteit	10	
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	

[15]

OF

- 2.3 Voltooi die aanvang hieronder in solfanotasië om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir 'n stem te skep. Noem die stemtipe en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek-aanduidings op geskikte plekke by. Moet NIE lirieke byvoeg NIE.

Stemtipe: \_\_\_\_\_

Tempo: \_\_\_\_\_

Do is F

$\frac{4}{4}$  | m : r., d | s :- f | m, r. d, r: | \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ |

| \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ |

| \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ | \_\_\_\_\_ ||

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	MAKS.	PUNT
<b>Vorm en kadenspunte</b>	3	
<b>Korrektheid:</b> Solfanotasië, dubbelpunte, kommapunte en aandagstrepe	2	
<b>Kwaliteit:</b> Gesiktheid van omvang, tempo, dinamiek en musikaliteit	10	
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	

[15]



**VRAAG 3****(10 minute)****Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

The musical score is in 3/4 time and D major. It consists of three systems of music. The first system contains measures 1 through 6. The second system contains measures 7 through 11. The third system contains measures 12 through 15. Eight specific areas are highlighted with dashed boxes and labeled (a) through (h). Roman numerals (i) through (iv) are placed in the bass line to indicate specific chords.

3.1.1 Besyfer die akkoorde by (a) tot (h) op die partituur deur Romeinse syfers te gebruik, bv. vii<sup>o6</sup>/vii<sup>o6b</sup>. (8)

3.1.2 Benoem die kadens by maat 7 tot 8. (1)

---

3.1.3 Lewer kommentaar op die baslyn in maat 1 tot 3<sup>2</sup>. (1)

---



---

- 3.1.4 Identifiseer die foutiewe stemvoering wat deur die hakies in maat 7<sup>3</sup> tot 8<sup>1</sup> aangedui word. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Stemvoering	Antwoord
Skuinsbeweging	
Parallele kwinte (5 <sup>des</sup> )	
Beweging in teenoorgestelde rigting	
Parallele oktawe	

(1)

- 3.1.5 Benoem die tipes non-akkoordnote by (i) tot (iv).

(i) \_\_\_\_\_

(ii) \_\_\_\_\_

(iii) \_\_\_\_\_

(iv) \_\_\_\_\_

(4)

**[15]****OF**

## 3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

(a) (b)

Allegro

(c) (d) (e) (f)

6

(g) (h)

12

(iv)

(Z)

3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (h) en skryf akkoordsimbole in die spasies verskaf bokant die balke, bv. B<sup>b</sup>/D. (8)

3.2.2 Benoem die kadens wat by (Z) gevorm word.

(1)

3.2.3 Lewer kommentaar op die harmoniese funksie van die B-noot in die G-sleutel by maat 12.

---

---

(1)

3.2.4 Wat is ongewoon aan die subdominant-akkoord in maat 10?

---

---

(1)

3.2.5 Benoem die tipes non-akkoordnote by (i) tot (iv).

(i) \_\_\_\_\_

(ii) \_\_\_\_\_

(iii) \_\_\_\_\_

(iv) \_\_\_\_\_

(4)  
**[15]**

**VRAAG 4****(30 minute)****Beantwoord ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**

- 4.1 4.1.1 Demonstreer 'n kadensiële tweede-omkering-akkoordprogressie met 'n onderbroke kadens.



(3)

- 4.1.2 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.



Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	MAKS.	PUNT
<b>Korrektheid:</b> Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	10	
<b>Akkoordprogressie:</b> Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens	9	
<b>Kwaliteit:</b> Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit	5	
<b>TOTAAL</b>	<b>(24 ÷ 2) = 12</b>	

(12)  
[15]**OF**

- 4.2 4.2.1 Voltooi die harmoniese progressie hieronder deur akkoorde by die bassleutel in te vul. Gebruik heelnote.

(3)

- 4.2.2 Voltooi die stuk hieronder deur geskikte harmoniese materiaal by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 gesuggerer word.

Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	MAKS.	PUNT
<b>Korrektheid:</b> Notasie, spasiëring, stemvoering	10	
<b>Akkoordprogressie:</b> Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens	8	
<b>Kwaliteit:</b> Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit	6	
<b>TOTAAL</b>	<b>(24 ÷ 2)</b> <b>= 12</b>	

(12)  
[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

**AFDELINGS B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS****(90 minute)****AFDELING B, C, D en E moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.****AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)****VRAAG 5**

- 5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) neer, bv. 5.1.6 E.
- 5.1.1 Die funksie van 'n musiekregte-maatskappy is om ...
- A digitale lisensies uit te reik.
  - B opdrag vir nuwe komposisies te gee.
  - C kopiereg van musiek te beheer.
  - D Al die bogenoemde
- (1)
- 5.1.2 Die eienaarskap wat 'n liedjieskrywer oor sy/haar musiek het, word ... genoem.
- A tantième
  - B 'n handelsmerk
  - C kopiereg
  - D Geeneen van die bogenoemde nie
- (1)
- 5.1.3 Intellektuele eiendom (IE) is ...
- A die persoonlike of groepeienaarskap van 'n idee of konsep.
  - B 'n moontlike bron van inkomste vir kunstenaars.
  - C geregistreer en deur kopiereginsamelingsmaatskappye beskerm.
  - D Al die bogenoemde
- (1)
- 5.1.4 Geroofde opnames ...
- A word slegs vanaf aanlyn platforms afgelaai.
  - B is onwettige kopieë van wettige opnames.
  - C is opnames in die publieke domein.
  - D Geeneen van die bogenoemde nie
- (1)
- 5.1.5 Uitvoerregtetantièmes word ...
- A aan die liedjieskrywer betaal elke keer wanneer die lied op enige soort opnametoestel gereproduseer of gekopieer word.
  - B aan die liedjieskrywer betaal wanneer sy/haar lied vanaf 'n aanlyn platform afgelaai word.
  - C betaal elke keer wanneer 'n lied in die openbaar gespeel word.
  - D deur SAMPRA geadministreer.
- (1)
- 5.2 Verduidelik die proses, die rolspelers ingesluit, in die musiekbedryf vanaf die oorsprong van 'n musikale idee tot die publikasie van die bladmusiek en die uitvoer van die werk by 'n lewende konsert.
- (5)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Beantwoord AFDELING C (IAM)  
OF AFDELING D (JAZZ)  
OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

**AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**

**VRAAG 6**

- 6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) neer, bv. 6.1.6 E.
- 6.1.1 Die skiffle-agtige maatslag word algemeen in ... gebruik.
- A malombo
  - B mbaqanga
  - C kwêla
  - D maskanda
- (1)
- 6.1.2 Thee Legacy...
- A is 'n moderne isicathamiya-groep.
  - B gebruik 'beat boxing' in hulle uitvoerings.
  - C word deur Ladysmith Black Mambazo beïnvloed.
  - D Al die bogenoemde
- (1)
- 6.1.3 Die kitaar is in maskanda ingevoer omdat ...
- A die klank die naaste aan die umakhweyane se klank was.
  - B dit maklik in die stede beskikbaar was.
  - C 'n maskandi homself kon begelei terwyl hy sing.
  - D Al die bogenoemde
- (1)
- 6.1.4 'n Term wat na afwisselende sang tussen 'n solis en 'n groep verwys, word ... genoem.
- A krepitasie
  - B roep en antwoord
  - C isihlabo
  - D izibongo
- (1)
- 6.1.5 'n Tipiese kenmerk van Soul Brothers se musiek is ...
- A 'n prominente orrelklank.
  - B a cappella-sang.
  - C die gebruik van amafahlakwane.
  - D 'n harmoniese progressie ontleen aan twaalfmaat-blues.
- (1)



- 6.2 Beskryf die gebruik van harmonie in marabi. (1)
- 6.3 Noem TWEE instrumente wat algemeen in malombo gebruik word. (2)
- 6.4 Dui aan of die volgende stellings met betrekking tot isicathamiya WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (6.4.1 tot 6.4.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 6.4.1 Isicathamiya is in die Verenigde State van Amerika deur Paul Williams gewild gemaak.
- 6.4.2 Isicathamiya-groepe sing in vierstemmige harmonie met 'n solis.
- 6.4.3 Isicathamiya het uit imbube ontwikkel. (3)
- 6.5 Noem TWEE invloede (internasionaal of plaaslik) op Philip Tabane se musiek. (2)
- 6.6 Verduidelik die term *poliritme* in inheemse Afrika-musiek. (2)
- [15]**

**VRAAG 7**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die ooreenkomste (4 punte) en verskille (3 punte) tussen die volgende liedjies bespreek:

- *Melodi Yalla* (Mahlathini and the Mahotella Queens)
  - *Wamuhle* (Soul Brothers)
- [7]**

**VRAAG 8**

Beskryf die rol van musiek in tradisionele Afrika-inisiasie-rituele. **[5]**

**VRAAG 9**

- 9.1 Noem die lied en kunstenaar vir die uittreksel hieronder. (2)

Do is C


: , l' , l' , s' | m' , s' , s' , m' :- , d' , r' , d' | 1 : , l' , l' , s' | m' , s' , s' , m' :- , d' , d' , l | s :

- 9.2 Bespreek die vokale (3 punte) en instrumentale (3 punte) stylkenmerke van maskanda in die lied waarna in VRAAG 9.1 verwys word. (6)
- [8]**

**VRAAG 10**

Skryf 'n opstel oor die kenmerkende elemente van kwêla (harmonie, melodie en ritme) en hoe dit deur die jare populêre opgang gemaak het. Verwys in jou bespreking na EEN kunstenaar en EEN trefferliedjie/album.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Elemente	6
Populêre opgang	4
Kunstenaar en trefferliedjie/album	2
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

**[15]****TOTAAL AFDELING C: 50****OF**

**AFDELING D: JAZZ****VRAAG 11**

- 11.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.5) neer, bv. 11.1.6 E.
- 11.1.1 Tremolo's en toontrosse is algemene klavierkenmerke in ...
- A kwêla.
  - B malombo.
  - C Cape jazz.
  - D ragtime. (1)
- 11.1.2 The Blue Notes ...
- A was 'n avant-garde jazz-orkes.
  - B het in die 1960's bekendheid verwerf.
  - C was 'n veelrassige jazz-orkes wat plaaslik opgetree het.
  - D Al die bogenoemde (1)
- 11.1.3 Feya Faku het musikaal met ... saamgewerk.
- A Chris McGregor
  - B Abdullah Ibrahim
  - C Dave Brubeck
  - D Al die bogenoemde (1)
- 11.1.4 'n 32-maat-liedvorm word as ... voorgestel.
- A ABA-koda
  - B AABA
  - C ABBA
  - D AB (1)
- 11.1.5 'n Tipiese stylkenmerk van Zim Ngqawana se musiek is ...
- A 'n mengsel van bop, funk, vokale dreunsang, Indiese, Xhosa- en Westerse klassieke musiekelemente.
  - B die gebruik van 'n mbaqanga-kitaarstyl.
  - C 'n gekommersialiseerde Afro-pop-klank.
  - D 'n mengsel van blues, township-jazz, ghoema, kerkorkeste, langarm, Afrika- en Westerse musiekelemente. (1)
- 11.2 Gee 'n kort beskrywing van die gebruik van harmonie in marabi. (1)
- 11.3 Noem TWEE instrumente, behalwe die tromstel en kitaar, wat algemeen in marabi gebruik word. (2)

- 11.4 Dui aan of die volgende stellings met betrekking tot Kaapse jazz WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (11.4.1 tot 11.4.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 11.4.1 Melodieë kombineer invloede van die Khoi-Khoi- en San-melodieë met Polinesiese sillabiese style.
- 11.4.2 Dit word gekenmerk deur draagbare instrumente vir straatfeeste, bv. koperblaasinstrumente, banjo's, kitare en perkussie.
- 11.4.3 Baie liedjies het 'n sterk onderliggende ghoema-maatslag. (3 x 1) (3)
- 11.5 Noem TWEE internasionale invloede op Miriam Makeba se musiek. (2)
- 11.6 Beskryf kortliks Chris McGregor se bydrae tot die ontwikkeling van big band-jazz. (2)  
[15]

**VRAAG 12**

Beskryf die algemene stylkenmerke van mbaqanga wat in die liedjie *Ujomela* deur Makgona Tsohle Band gevind word. [7]

**VRAAG 13**

Skryf 'n paragraaf oor Kaapse jazz soos dit in die liedjie *Mannenber* deur Abdullah Ibrahim (Dollar Brand) voorkom. Verwys na die musiekelemente: ritme, harmonie en tekstuur. [5]

**VRAAG 14**

- 14.1 Noem enige TWEE kunstenaars wat met die Jazz Epistles geassosieer word. (2)
- 14.2 Bespreek hoe die Jazz Epistles Suid-Afrikaanse jazz bevorder het en internasionale erkenning verseker het. (6)  
[8]

**VRAAG 15**

Skryf 'n opstel oor die kenmerkende elemente van kwêla (harmonie, melodie en ritme) en hoe dit oor die jare populêre opgang gemaak het. Verwys in jou bespreking na EEN kunstenaar en EEN trefferliedjie/album.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

<b>KRITERIA</b>	<b>PUNTETOEKENNING</b>
Elemente	6
Populêre opgang	4
Kunstenaar en trefferliedjie/album	2
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

**[15]****TOTAAL AFDELING D: 50****OF**

**AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)****VRAAG 16**

- 16.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.1.1 tot 16.1.5) neer, bv. 16.1.6 E.
- 16.1.1 Die korrekte betekenis van 'senza' is ...
- A met.
  - B sonder.
  - C dieselfde.
  - D toneel. (1)
- 16.1.2 'n Piccolo is 'n ...
- A transponerende koperblaasinstrument.
  - B enkelriet-houtblaasinstrument.
  - C transponerende houtblaasinstrument.
  - D nie-transponerende sopraansleutelinstrument. (1)
- 16.1.3 'n Episode in musiek kan na ... verwys.
- A 'n verbindingspassasie
  - B 'n seksie in rondovorm
  - C die kontrasterende seksie vir 'n refrein
  - D Al die bogenoemde (1)
- 16.1.4 Die toonsoort van die tweede tema/onderwerp in 'n uiteensetting in *Sonate in G Majeur* sal in ... wees.
- A G majeur
  - B D majeur
  - C C majeur
  - D Geeneen van die bogenoemde nie (1)
- 16.1.5 'n Melisma ...
- A kom slegs in vokale musiek voor.
  - B is 'n groep note wat op een sillabe van teks gesing word.
  - C is deel van 'n melodiese lyn.
  - D Al die bogenoemde (1)
- 16.2 Definieer die term *simfonie*. (2)
- 16.3 Gee die toonsoort en vorm van die vyfde beweging van Beethoven se *Pastorale Simfonie*. (2)

- 16.4 Dui aan of die volgende stellings met betrekking tot Beethoven se *Pastorale Simfonie* WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (16.4.1 tot 16.4.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 16.4.1 Beethoven het twee trombone by die vierde en vyfde bewegings gevoeg. (3)
- 16.4.2 Die tweede, derde en vierde bewegings word gespeel sonder 'n breuk tussenin.
- 16.4.3 Die vyfde beweging eindig pianissimo gevolg deur drie fortissimo-akkoorde. (3)
- 16.5 Wat het Mendelssohn geïnspireer om die *Hebrides Ouverture* te komponeer? (1)
- 16.6 Noem die tipe orkes wat Mendelssohn in die *Hebrides Ouverture* gebruik. (1)
- 16.7 Lewer kommentaar op Mendelssohn se gebruik van harmonie in die *Hebrides Ouverture*. (1)  
[15]

**VRAAG 17**

Verduidelik wat *Menuet en Trio-vorm* is. Verwys na vormtipe (2 punte), karakter (3 punte) en gebruik van toonsoorte (2 punte). [7]

**VRAAG 18**

Lewer kommentaar op die programmatiese eienskappe van die vierde beweging van Beethoven se *Pastorale Simfonie Nr. 6 Op. 68*. [5]

**VRAAG 19**

Bespreek die ontwikkeling van die orkes in die Klassieke periode.

Verwys na die volgende:

- Agtergrond (2 punte)
- Instrumentasie (4 punte)
- Uitvoeringstegnieke/Komposisietegnieke/Mannheim-orkes (2 punte) [8]

**VRAAG 20**

In *Die Towerfluit* is *Pa Pa Pa* 'n onskuldige en amusante musiek-item in die opera.

Skryf 'n opstel waarin jy die konteks van hierdie lied bespreek en hoe die karakters deur die musiek uitgebeeld word. Verwys in jou antwoord na musiekkenmerke.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEKENNING
Karakters	4
Konteks	2
Musiekkenmerke	6
Logiese aanbieding en struktuur van die opstel	3
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>

[15]

**TOTAAL AFDELING E: 50**  
**GROOTTOTAAL: 120**



